# Die Kruin-o-gram

31 Januarie 2021 - Uitgawe 05

## Die reg van God | 1 Samuel 24:1-14

Die boeke van Samuel vorm deel van die narratiewe geskiedenis van Israel. Hierdie boeke kan in die Hebreeuse Bybel onder die 'Profetiese' (Nev'im) afdeling gevind word. Hierdie boeke vorm ook deel van wat akademici noem die Deutronomistiese geskiedenis, boeke wat deel vorm van die korpus is: Deuteronomium, Josua, Rigters, 1-2 Samuel en 1-2 Konings. Die doel van die Deutronomistiese geskiedenis is, om 'n teologiese geskiedenis van die Israeliete te vestig, waar hulle die wet van God na volg onder die leiding van die profete of Rigters.

Volgens Joodse oorlewering is dit Samuel, Gad en Natan wat die boeke van Samuel geskryf het. Meeste moderne akademici is daarvan oortuig dat die Deutronomistiese geskiedenis, dit sluit Samuel in, voor en tydens die Babiloniese ballingskap geskryf is, dit wil sê tussen 630 en 540 V.C. Hierdie beteken dat die boeke, Deuteronomium, Josua, Rigters, 1-2 Samuel en 1-2 Konings, deur die eeue heelwat geredigieer is en verskeie skrywers gehad het.

Die Samuelboeke word vandag verstaan as 'n teologiese evaluasie van koningskap, asook die koningskap en nageslag van Dawid. Die hooftemas van die boek word deur die gedig, die 'Lied van Hannah', ingelei. Hulle is 1) die soewereiniteit van die God van Israel, 2) die omkeer van die mensdom se geluk en 3) koningskap. Hierdie temas word uitgespeel deur drie karakters: Samuel, Saul en Dawid.

### Drie karakters

**Samuel**

Samuel is 'n profeet soos Moses en vervul die profesie in Deut. 18:15-22. Soos Moses het Samuel direkte kontak met God en tree op as die finale rigter en is die perfekte leier wat geen foute maak nie. Ten spyte van dit soek Israel 'n koning. Die koning wat God vir hulle gee, is 'n geskenk en kan 'n seën vir die volk wees of 'n straf. Die volk moet net getrou bly.

**Saul**

Gekies deur God en gesalf deur Samuel en tog word Saul uiteindelik deur God verwerp. Saul maak twee foute in sy koningskap - 1) Hy maak 'n offer instede van Samuel (1 Sam. 13:8-14) en 2) hy vernietig nie die Amalekiete soos God van hom verwag het nie (1 Sam. 15)

**Dawid**

Die hooffokus van die Samuelboeke is om aan Dawid se koningskap wettige erkening te gee. Hierin word Dawid gesalf deur Samuel, erken Dawid Saul as 'n gesalfde en gebruik nie geweld om die troon oor te neem nie. Dawid word hierdeur God se geliefde en beloof aan Dawid 'n dinastie wat vir altyd sal bly voorbestaan. Hierdie staan bekend as die Mesiaanse teologie.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
   a. Hoe gaan dit met jou?
   b. Is jy al lus vir die skool om te begin?


2. Na God
   a. Lees 1 Samuel 14:1-14
   b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
   c. Wat van Dawid kan jy mee identifiseer?
   d. Hoekom dink jy maak Dawid nie vir Saul daar en dan dood nie?

3. Na mense
   a. Erken hierdie week iemand anders se menswees en kyk hoe hulle reageer.

# Om jou te help

Kyk die video van 'The Bible Project' om meer te leer van Samuel, Saul en Dawid.

https://youtu.be/QJOju5Dw0V0



# God maak die wêreld



## Genesis 1 en 2

In die begin was die wêreld leeg. Dit was oral donker. Maar God het 'n plan gehad.

God het lig en donker van mekaar geskei. "Laat daar lig wees!" het Hy gesê. En daar was lig. Hy het die lig "dag" genoem. God het die donker "nag" genoem. Dit was die eerste dag.

Toe sê God: "Ek sal die water skei." Hy het die water in die wolke daar bo en die water op die aarde hier onder van mekaar geskei en die deel tussen-in "hemel" genoem. Dit was die einde van die tweede dag.

Toe maak God al die water bymekaar sodat daar droë land was. God het allerhande plante in verskillende kleure en vorms gemaak. Hy het berge, heuwels en valleie gemaak. Dit was die einde van die derde dag.

God het 'n helder son in die lug gesit sodat daar lig in die dag kan wees. Vir die aand het Hy 'n blink maan en skitterende sterre in die lug gesit. Dit was die einde van die vierde dag.

Op die vyfde dag het God al die visse en seediere gemaak om in die see te bly. Toe maak God voëls om in die lug te vlieg.

Op die sesde dag het God diere gemaak wat kruip, seil, hop en galop. Toe maak God die heel mooiste skepping uit stof: 'n mens. God het hom Adam genoem.

Op die sewende dag het God gerus.

God het vir Adam 'n pragtige tuin geplant met die naam Eden. 'n Rivier het deur die tuin gevloei.

Adam het baie van sy huis gehou. Hy moes vir al die diere name gee en mooi na die tuin kyk. Adam was baie lief vir die diere, maar daar was nie vir hom 'n spesiale maat nie. Toe maak God die vrou.

Adam het haar Eva genoem. Sy was net reg vir Adam. Adam en Eva was baie lief vir mekaar. Saam het hulle baie mooi na God se tuin gekyk.

(Uit: Bybelstories vir beginners)

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 31 Januarie** | |
| Willemien Pienaar | 012 804 8066 |
| Jacques van Staden | 012 807 0083 |
| | |
| **Maandag 01 Februarie** | |
| Mauritz Knoetze | 012 804 2771 |
| Jano Oosthuizen | 012 803 3938 |
| Charlize Putter | 076 183 0641 |
| | |
| **Dinsdag 02 Februarie** | |
| Nicola Jacobs | |
| Heinie Liebenberg | 012 804 9040 |
| Nandoux Vermeulen | 012 804 3251 |
| Malinca Vos | 074 330 8343 |
| | |
| **Woensdag 03 Februarie** | |
| Marie Ferreira | 082 539 7703 |
| | |
| **Donderderdag 04 Februarie** | |
| Esone Grib | 072 020 6346 |
| Charleen van Wyk | 012 804 5652 |
| | |
| **Saterdag 06 Februarie** | |
| Fienie Garner | 012 804 6341 |
| Hanli Nel | 082 741 9902 |
| Mariaan Scheepers | 082 379 5318 |
| Tersia van den Heever | 076 033 5390 |
| Pieter van Niekerk | 082 796 8471 |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina
Rita Pieters - Yvonne Lombard

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie - HA Morton

**OPERASIES**
Ghandi Visser
Werner Schnetler

**AFSTERWE**
Koos Bothma (Sarie Bothma) - Hein Le Roux
Cecile Kleynhans se familie (Annelien en Gerhard du Plessis)

**GEBOORTES**
Beyers en Liezel Slabbert, Izabella Slabbert

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus - Tia en Japie de Jager - Bianca en Paul Steyn

**ONS BID OOK VIR**
ons gesondheidswerkers en almal wat geaffekteer is deur Covid-19

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

## Kry ons Toep

vir

1. Die nuutste gebeure in ons gemeente
2. Al ons Eredienste, Bybelstudies en Kategese material
3. Om meer inligting te bekom oor huwelike, dope en begrafnisse

